

Sondag 28 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 150 (1933/53-vertaling)	Fokusgedeelte: Psalm 150:1, 6
---	-------------------------------

Laat alles wat asem het, die HERE loof

In die afsluiting van die Psalmbundel kry ons die opdrag om die HERE te loof, weer met die woord *Halleluja*, wat net gebruik word tot lof van God Drie-enig. Die opdrag begin by die kerk van die HERE, die heiligdom en strek dan tot die uitpansel.

Natuurlik is die kerk in hierdie opsigte as bruid van Christus die een wat hierin die voorbeeld moet wees en hierdie opdrag moet verkondig. Wat noodsaaklik is vir ons as kerk om te weet, is dat ons die HERE net kan loof met dit wat waar is, met ander woorde volgens die weë van die Woord, net soos Psalm 1 ons by hierdie bundel inlei.

Die musiekinstrumente wat hierin aangedui word, is dit wat bekend en baie in gebruik was in daardie tyd. Die bedoeling van die psalmdigter is waarskynlik hier om ons te leer dat musiek in diens van God moet wees en nie tot ons eie vreugde nie, wat ons opnuut moet laat dink oor ons voorkeur wat musiek betref. Dit is eindelik nie die geklank van die musiek wat God eer nie, maar die instelling van die hart wat deur die musiek weerspieël moet word.

So moet ons lewe in geheel ook 'n weerspieëling wees van ons ware geloof wat uit oortuiging van God se magtige daade Hom wil loof na die volheid van sy grootheid, en nie 'n weerspieëling van ons eie emosies en menslike gedagtes nie. As ons oortuig is van die grootheid van God in die onbegryplike genade van sy werk wat Hy in sy Seun volbring het, sal ons nie stil wees nie, ons sal Hom na die waarheid van sy Woord loof, met woord, daad en gedagte, en selfs musiekinstrumente.

As ons stilbly, sal die klippe tot ons skande die Naam van Christus uitroep soos Hy dit by sy intog in Jerusalem leer. Laat ons wat asem het daarom, terwyl ons nog asem het hier op die aarde, Hom loof tot ons eendag met nuwe asem in heerlijkheid dit in ewigheid sal doen.

Sing: Psalm 150-1:1-3

Ds. HFR Pelser (Riekert) (Kempton-Park)